



Redaksioneel

Ons is weer in die bevoorregte geleentheid om nog 'n uitgawe van *In die Skriflig* aan te bied. In hierdie uitgawe behandel C.F.C. Coetzee “Gnostiek, kerkeenheid en die belydenis van Nicea”. Die postmodernistiese paradigma het die aandag weereens op die Gnostiek gevestig en kenners meen dat daar ooreenkomste in die spiritualiteit van die Gnostiek en die hedendaagse ontwikkelende postmodernisme is. Hierdie artikel fokus weliswaar op 'n ander tema, maar moet tog gesien word as 'n bydrae om die postmodernisme en die invloed daarvan op kerk en teologie te begryp. Sou 'n verstaan van die Gnostiek ons nader bring aan 'n begrip van die soms moeilike verstaanbare uitdrukking in Nicea, naamlik “lig uit lig”, en andere? En sou die postmodernisme ons nader bring aan 'n beter verstaan van die Gnostiek? Hieroor sal nog baie nuwe navorsing die lig moet sien.

C.J. Smit vra die aktuele vraag of die idee van 'n kerkorde nog byderwets is. Met die ontwikkeling van eenvoud en informaliteit in die kerke vandag en die verset teen institusionalisme en formalisme is hierdie vraag baie aktueel. Daarby word nog ander vrae relevant soos: “Wat is die gesag van kerklike vergaderings”, “In hoe 'n mate kan die plaaslike kerk bevry word van die dominansie van kerklike strukture”, “Het gelowiges nog erg aan die ordening van die kerklike lewe in vaste liturgiese ordes en gekose liederes?”, en “Moet daar nog enigsins sprake wees van kerklike tug?”. Die kerkregtelikes word deur hierdie en ander vrae opnuut aan die dink gesit soos die artikel van P.J. Strauss bewys. Hy hanteer die vraag na kerklike gesag soos dit in die kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk beredeneer word. *In die Skriflig* wil graag hierdie kerkregtelike debatte binne die raamwerk van die reformatoriese beskouing oor Koninkryk, gesag en kerk stimuleer en daarom plaas ons graag hierdie twee artikels.

Die twee artikels van W.C. Vergeer enersyds en P.M. Theron en G.A. Lotter andersyds gee elk op 'n besondere wyse aandag aan die lewensituasie van gelowiges en hoe die Skrif daarmee handel. Hierdie artikels gee nie net ruim stof tot nadenke nie, maar bied goeie studiemateriaal vir die prediking en pastorale bediening.

In 'n tyd waarin baie oor die modernistiese en postmodernistiese sekularisme nagedink word, kan die artikel van E. Olivier oor die invloed van die Christelike geloof op die Suid-Afrikaanse samelewing verwelkom word. Sosiale analise, kritiek en die ontwikkeling van 'n reformatoriese samelewingsleer is eie aan die reformatoriese tradisie en besinning vanuit hierdie paradigma oor die Suid-Afrikaanse liberale demokrasie word deur hierdie artikel gestimuleer – iets waarop toekomstige skrywers kan voortborduur uit die ekklesiologiese en etiese dissiplines. In 'n mate aansluitend, maar tog ook anders, is die bydrae van J.M. Olwagen en M. Nel oor die “liggaam van-Christus metafoor” as instrument vir die effektiewe uitvoering van die missionêre opdrag. Die artikel is 'n besondere bydrae tot die ontwikkeling van 'n eietyds-gefundeerde missionêre benadering.

Weereens kon ons met die hulp van die betrokke uitgewers verskeie boeke resenseer. Baie dankie aan die resensente vir hulle deeglike besprekings. Ons moedig ons lesers aan om boeke wat u miskien op u onderskeie terreine gelees het in ons blad te resenseer. So-doende kan ons mekaar begelei op gebiede waarop dit nie vir elkeen moontlik is om hulle in te verdiep nie. Ons vertrou dat u hierdie uitgawe interessant sal vind!

J.M. Vorster

Redakteur: *In die Skriflig*